# 'N ONDERSOEK NA OPLEIDINGSGELEENTHEDE VIR SPESIALISASIE IN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK

*Corrie Ludwig*

BA (MW)

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM**

in

**MAATSKAPLIKE WERK (FORENSIES)**

in die

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

aan die

NOORDWES-UNIVERSITEIT

(POTCHEFSTROOMKAMPUS)

Studieleier: Dr C Strydom

Potchefstroom

2007

# ‘N ONDERSOEK NA OPLEIDINGS-GELEENTHEDE VIR SPESIALISASIE IN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK

Corrie Ludwig

2007

# DANKBETUIGINGS

**Ek bedank graag diegene wat my gedurende die afgelope twee jaar geïnspireer en ondersteun het.**

- **My man Jimmy en dogter Monica, wat baie moes opoffer**
- **My familie wat my deurgaans ondersteun het, veral my moeder vir al haar bederf tydens my verblyf in Pretoria**
- **Me Anita Grobbelaar, ons dosent by wie ons baie geleer het**
- **Die hele 2006 forensiese groep vir hulle aanmoediging, gebede en liefde**
- **Dr Rene Potgieter wat 10 jaar lank reeds my rolmodel is**
- **Dr Cornelia Wessels vir haar moeite en ondersteuning**
- **Dr Corinne Strydom vir die leiding en geduld**
- **Me Santie Pruis van die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe vir haar hulp**
- **Dr Barbara Simpson vir haar moeite**
- **Alle Universiteite vir hulle deelname aan die studie**
- **Aan my Hemelse Vader wat my die genade gee om met gebroke kinders te kan werk**

# INHOUDSOPGAWE


1. **INLEIDING** ... 1

2. **PROBLEEMSTELLING** ... 2

3. **DOELSTELLING** ... 6

3.1 DOELWITTE ... 6

4. **TEORETIESE UITGANGSPUNT** ... 6

5 **ONDERSOEKMETODE** ... 6

5.1 LITERATUURSTUDIE ... 6
5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK ... 7
*5.2.1 DIE NAVORSINGSONTWERP* ... 7
*5.2.2 DEELNEMERS* ... 7
*5.2.3 MEETINSTRUMENT* ... 7
*5.2.4 ETIESE ASPEKTE* ... 8
*5.2.5 DATAVERWERKING* ... 9
*5.2.6 PROSEDURE* ... 9

6. **RESULTATE** ... 9

*6.1 IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE VAN RESPONDENTE* ... 9
6.2 VOORGRAADSE OPLEIDING ... 10
*6.2.1 VOORGRAADSE FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK* ... 10
*6.2.2 VOORGRAADSE STATUTÊRE MAATSKAPLIKE WERK* ... 10
*6.2.3 DEFINISIE VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK* ... 11
*6.2.4 DEFINISIE VAN STATUTÊRE MAATSKAPLIKE WERK* ... 12
*6.2.5 FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK AS DEEL VAN OPLEIDING IN STATUTÊRE MAATSKAPLIKE WERK* ... 13
*6.2.6 MODULES WAT AAN VERSKILLENDE ASPEKTE GEWY WORD* ... 14
*6.2.7 DESKUNDIGE GETUIE* ... 15
*6.2.8 OPLEIDING TEN OPSIGTE VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK OM STUDENTE VIR DIENSLEWERING AAN DIE HOWE TOE TE RUS* ... 17
*6.2.9 OPLEIDING TEN OPSIGTE VAN STATUTÊRE MAATSKAPLIKE WERK OM STUDENTE TOE TE RUS VIR DIENSLEWERING AAN DIE HOWE* ... 18
6.3 NAGRAADSE OPLEIDING ... 18
*6.3.1 BEHOEFTE AAN NAGRAADSE OPLEIDING IN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK* ... 18
*6.3.2 AARD, INHOUD EN DUUR VAN BESTAANDE OPLEIDING* ... 19
*6.3.3 AANBEVELINGS VAN RESPONDENTE* ... 20

7. **RIGLYNE VIR OPLEIDINGSPROGRAMME** ... 21

7.1 VOORGRAADSE OPLEIDING ... 21
7.2 NAGRAADSE OPLEIDING ... 22
7.2.1 NAVORSING ... 22
7.2.2 ALGEMENE KINDERASSESSERING ... 22
7.2.3 SEKSUELE MISBRUIK EN FISIESE MISHANDELING ... 23
7.2.4 TRAUMA-ASSESSERING EN DIE ONDERSOEKPROSES ... 24
7.2.5 VERSLAGSKRYWING EN DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE IN DIE HOF ... 24

8. **GEVOLGTREKKING** ... 25

9. **AANBEVELINGS** ... 26

10. **SAMEVATTING** ... 26

**BIBLIOGRAFIE** ... 27

**BYLAE** .......... **30**
BYLAAG 1: DEKBRIEF .......... 30
BYLAAG 2: VRAELYS .......... 32

**LYS TABELLE**

Diagram 1: Behoefte aan voorgraadse forensiese maatskaplike werk opleiding.

Diagram 2: Deskundige getuie.

Diagram 3: Verskil tussen behoefte en beskikbaarheid van opleiding.

# OPSOMMING

**TITEL:** 'N ONDERSOEK NA OPLEIDINGSGELEENTHEDE VIR SPESIALISASIE IN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK


**SLEUTELTERME: Forensiese maatskaplike werk, Opleiding, Spesialisasie.**

In Suid-Afrika is forensiese maatskaplike werk 'n nuwe terrein. Forensiese maatskaplike werk word beskou as 'n spesialiteit, maar is nog nie as sodanig by die Suid Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geregistreer nie.

Die behoefte aan deskundige getuienis in Suid-Afrikaanse howe neem toe. Maatskaplike werkers is egter nie opgelei om in hierdie behoefte te voorsien nie. Maatskaplike werkers in privaat praktyke het hierdie behoefte raakgesien en hulle bekwaam vir die taak van dienslewering aan howe. Die Suid-Afrikaanse Polisie Diens het forensiese maatskaplike werkers in diens geneem om die Kinderbeskermingseenhede by te staan. Tog was daar tot onlangs toe nog geen formele opleiding in forensiese maatskaplike werk beskikbaar nie.

Hierdie studie beoog om ondersoek in te stel na die beskikbaarheid van forensiese opleiding vir maatskaplike werkers ten einde riglyne aan die hand te doen ten opsigte van programme vir forensiese opleiding.

Universiteite in Suid-Afrika stem saam dat statutêre maatskaplike werk deel uitmaak van die plig van elke maatskaplike werker, en opleiding in die verband word geag nodig te wees. Die universiteite dui ook aan dat die beskikbare opleiding maatskaplike werkers nie voldoende voorberei vir doeltreffende dienslewering aan howe nie.

Dit is duidelik dat Universiteite forensiese maatskaplike werk as 'n spesialiteit beskou en nie glo dat voorgraadse opleiding realisties is nie. Alle deelnemende tersiêre instellings stem saam dat daar 'n behoefte bestaan aan nagraadse forensiese opleiding.

# ABSTRACT

**TITLE:** AN INVESTIGATION INTO TRAINING OPPORTUNITIES FOR SPECIALISATION IN FORENSIC SOCIAL WORK

**KEY WORDS: Forensic Social Work, Training, Specialisation**

Forensic social work is a new field in South Africa. Forensic social work is regarded as a speciality, but has not been registered as such by the South African Council for Social Service Professions.

There is a growing need to utilize experts in South African courts. Social workers are not trained to provide in this need. Social workers in private practice have recognized this need and equipped themselves to render this service to courts. The South African Police Service employs forensic social workers to assist the Child Protection Units. Despite this there was no formal training available in forensic social work, until recently.

This study aims at investigating the availability of forensic training for social workers in order to develop guidelines for forensic training programmes.

Universities agree that statutory social work forms part of the duty of every social worker and that training in this regard is needed. They also indicate that existing training does not prepare the social worker for effective services to the courts.

It is clear that universities regard forensic social work as a specialised field and do not believe that under-graduate training is realistic. All participating institutions agree that a need exists for post-graduate forensic training.

# VOORWOORD

Die artikelformaat is gekies ooreenkomstig Regulasie A.11.2.5 vir die graad MA (MAATSKAPLIKE WERK) (Forensies). Die artikel voldoen aan die vereistes van die vaktydskrif vir maatskaplike werk getitel *Social Work/Maatskaplike Werk.*

Hierdie artikel tel **75%** van die navorsingsmodule. Die globale punt vir die hele MA-kursus word volgens die volgende gewigte bereken:

Maatskaplikewerk-navorsing: Teorie en Praktyk: 50%

Gewig van gemiddelde van die res van die modules: 50%

# VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

Die tydskrif *Social Work/Maatskaplike Werk* publiseer artikels, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige gebied van die maatskaplike werk asook toepaslike bydraes uit ander dissiplines. Bydraes mag in Afrikaans of Engels geskryf word. Alle artikels moet vergesel wees van 'n Engelse opsomming van nie meer as 100 woorde nie. Alle bydraes sal krities deur ten minste twee keurders beoordeel word. Beoordeling is streng vertroulik. Manuskripte sal na outeurs teruggestuur word indien ingrypende hersiening vereis word of indien die styl nie ooreenstem met die tydskrif se standaard nie. Artikels van minder as 2, 000 woorde of meer as 12, 000 woorde sal normaalweg nie vir publikasie oorweeg word nie. 'n Disket met die hele teks, verkieslik in MS Word for Windows moet die hele manuskrip en twee kopieë van die manuskrip vergesel. Manuskripte moet in 12 pt "Times Roman" dubbelspasiëring slegs op een kant van 'n A4-bladsy getik word. Indien enigsins moontlik moet die manuskrip ook per e-pos aan hsu@sun.ac.za versend word. Verwysings moet volgens die Harvard-stelsel geskied. Verwysings in die teks: Wanneer woordelikse sitate, feite of argumente uit ander bronne aangehaal word, moet die van(ne) van die outeur(s), jaar van publikasie, en bladsynommers tussen hakies in die teks verskyn, bv. "......" (Berger, 1967:12). Meer besonderhede omtrent bronne moet alfabeties volgens vanne van die outeurs aan die einde van die manuskrip onder die opskrif "Bibliografie" verskyn.

**'N ONDERSOEK NA OPLEIDINGSGELEENTHEDE VIR SPESIALISASIE IN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK**

**Dr Corinne Strydom, Dosent by die Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).**

**Corrie Ludwig, Meestersgraadstudent aan dieselfde Universiteit en werksaam te Groblersdal Hospitaal in diens van die Departement Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling, Limpopo Provinsie.**

## 1. INLEIDING

Die afgelope tien jaar het verskeie spesialiseringsterreine in maatskaplike werk ontstaan. Dienslewering aan howe deur maatskaplike werkers het toegeneem weens verbeterde wette en menseregte. Die ingewikkeldheid van sake het ook toegeneem. Hofsake waarin maatskaplike werkers in 'n negatiewe lig gestel is, het in die media toegeneem. Maatskaplike werkers in privaat praktyke het in die forensiese veld begin optree.

Tien jaar gelede het die Suid-Afrikaanse Polisie Diens forensiese maatskaplike werkers aangestel. Tot onlangs toe was daar geen formele opleiding in forensiese maatskaplike werk beskikbaar nie. Weens die gebrek aan formele opleiding is geen navorsing op die gebied gedoen nie. Forensiese maatskaplike werkers het die behoefte uitgespreek om as spesialiste by die Suid Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe te kan registreer. Forensiese maatskaplike werk is reeds in die 1980`s as spesialiteitsrigting in die VSA erken.

Hierdie artikel fokus op die beskikbaarheid van formele opleiding in forensiese maatskaplike werk ten einde riglyne te ontwikkel vir forensiese opleidingsprogramme. Die ondersoek is aan die hand van 'n empiriese ondersoek en literatuurstudie onderneem. Al 17 tersiêre instellings in Suid-Afrika wat maatskaplike werk aanbied, is genader om 'n self opgestelde vraelys in te vul.

Tersiêre instellings bied statutêre maatskaplike werk aan en beskou statutêre maatskaplike werk as deel van die taak van alle maatskaplike werkers. Die tersiêre

instellings wat aan die studie deelgeneem het, beskou forensiese maatskaplike werk as 'n spesialiteitsterrein en meen dat daar 'n behoefte bestaan aan nagraadse opleiding.

Die bevindinge van die studie word bespreek en aanbevelings gedoen ten opsigte van die registrasie van forensiese maatskaplike werk as spesialiteitsrigting. Riglyne vir voorgestelde opleiding op voorgraadse en nagraadse vlak word ook aan die hand gedoen.

## 2. PROBLEEMSTELLING

Die ontstaan van forensiese maatskaplike werk kan terug gevoer word tot by die ontstaan van die professie (Baker & Branson, 2000:4). Maatskaplike werkers het nog altyd professionele dienste aan die regstelsel gelewer.

Baker (1995:140) definieer forensiese maatskaplike werk soos volg: "a specialised field of social work practice that is characterised by the social worker's primary function of providing expert testimony in courts of law." Baker en Branson (2000:1) beskou forensiese maatskaplike werk as 'n professionele spesialiteit wat fokus op die koppeling tussen die gemeenskap se wetlike en menslike diensleweringsisteme.

Stutterheim en Weyers (1999:12) beskryf die implikasies van die definisie soos volg: eerstens dat forensiese maatskaplike werk 'n spesialiteit binne 'n breë terrein van statutêre maatskaplike werk sal behels, en tweedens dat die maatskaplike werker se rol as deskundige getuie die uitkennende eienskap sal wees.

Black (1979:519) en Howes (1990:70) definieer 'n deskundige getuie as 'n persoon wat oor gevorderde kennis van en insig in 'n spesifieke onderwerp beskik. 'n Ander persoon sonder die spesifieke opleiding sal nie daartoe in staat wees om 'n akkurate mening te kan lug of 'n korrekte gevolgtrekking te kan maak nie.

Verskeie skrywers (Gothard, 1989:65-67; Hoffman & Zeffertt, 1988:100-104; Schmidt, 1989:437-440; Stern, 1997:5-7) is dit met mekaar eens dat 'n deskundige getuie aan twee vereistes moet voldoen, naamlik dat hy/sy in die eerste plek moet kan bewys dat hulle beskou word as deskundiges op hulle gebied en dat hulle terrein van toepassing is op die saak. Die getuies moet dit bewys aan die hand van gespesialiseerde opleiding en ondervinding. Die tweede vereiste is dat die deskundige getuies gronde en redes kan formuleer waarop hulle hul menings baseer.

Stutterheim en Weyers (1999:11) is van mening dat, weens die nuutheid daarvan, die begrip *forensiese maatskaplike werk*, soos in die Suid-Afrikaanse opset toegepas, nog gedefinieer moet word.

Howes (1990:68) som die maatskaplike werker se statutêre rol soos volg op: "Die statutêre take wat die maatskaplike werker het, is hoofsaaklik ten opsigte van die strafhof as proefbeampte: aan die kinderhof as maatskaplike werker en aan administratiewe howe as maatskaplike werker en wel in gevalle van onderhoud en kommittering na 'n rehabilitasiesentrum."

Weyers (2001:20) beskou die verskil tussen forensiese maatskaplike werk en statutêre maatskaplike werk as dat forensiese maatskaplike werk 'n spesialiteit binne die groter terrein van statutêre maatskaplike werk is. Die hoofeienskap van spesialisasie behels die funksie as deskundige getuie.

Stutterheim en Weyers (1999:13) verwys na vier funksies van die forensiese maatskaplike werker. Die eerste funksie behels die assessering van 'n persoon wat betrokke is by 'n misdaad ingevolge die Strafproseswet (51 van 1977). Die assessering word dan aan die hof voorgehou. Die tweede funksie is om as deskundige getuie in 'n hof te getuig, waar die getuienis nie gebaseer is op 'n ondersoek van die spesifieke saak nie (Strafproseswet 51 van 1977). Die derde funksie is om, in 'n siviele saak, ondersoek te doen en bevindinge ingevolge die Kinderwet (74 van 1983) en die Wet op Rehabilitasiesentrum-ondersoeke (20 van 1992) aan die hof voor te lê. Die vierde funksie het betrekking op al vier genoemde wette en behels aanbevelings oor toepaslike strawwe en hofbevele aan die hand doen.

Howes (1990:68) stel die vraag of maatskaplike werkers vir die taak opgelei is en gaan voort deur aan te dui dat, ten spyte van die lang geskiedenis van dienslewering aan howe, opleiding nie veel aandag geniet het nie. Hoffmann (1986:6) sien die oplossing vir verbeterde dienslewering aan die howe daarin dat forensiese maatskaplike werk as spesialiteitsterrein in maatskaplike werk erken moet word. Howes (1990:68-69) verskil egter van Hoffmann en noem die volgende: "Spesialisasie in maatskaplike werk geskied slegs op nagraadse basis en soos reeds genoem gaan die oorgrote meerderheid maatskaplike werkers wat tot die beroep toetree, gemoeid wees met dienslewering aan die howe. Maatskaplike werkers moet op voorgraadse vlak beter toegerus word sodat die klagtes wat periodiek geopper

word oor die gehalte van dienslewering aan die howe, aangespreek kan word." Die grondslag kan met ander woorde reeds op voorgraadse vlak gelê word.

Lombard (2000:316) is 'n voorstander van die registrasie van spesialiteitsterreine in Maatskaplike Werk. Hy waarsku: "If the profession does not allow for this (specialisation), social work will run the risk of dying, not in terms of its professional status, but because of a low or limited intake of students who wish to become social workers."

Baker (1995:362) definieer 'n maatskaplikewerk-spesialis as: "... a practitioner whose orientation and knowledge are focused on a specific problem or goal or whose technical expertise and skill in specific activities are highly developed and refined".

Die Suid Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe (2006:9) omskryf spesialisasie as: "A particular field of practice in Social Work in which specific activities take place for which specific additional knowledge, and expertise, are required and which could be regarded as the domain of the social work profession."

In Suid-Afrika is bedryfsmaatskaplike werk en aannemingswerk reeds erkende spesialiseringsterreine. Verskeie terreine, byvoorbeeld forensiese maatskaplike werk en mediese maatskaplike werk is besig om as spesialiseringsterreine te registreer. Lombard (2000:316) waarsku: "If specialised fields in social work are not recognised and practised, social workers will be responsible for their own marginalisation as a profession."

Kaliski (2006:2) som die dilemma goed op wanneer hy sy teleurstelling uitspreek oor die feit dat die meeste professionele persone in Suid-Afrika wat forensiese assesserings onderneem en dan in die hof getuig, dit doen sonder voldoende kwalifikasies of spesialisasie in die rigting. Kaliski gaan voort deur daarop te wys dat daar geen formele opleidingsprogram ten opsigte van forensiese werk in Suid-Afrika beskikbaar is nie. Ten slotte spreek hy die hoop uit dat opleiding in die nabye toekoms beskikbaar sal wees (Kaliski, 2006:3).

Die Suid Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe (2006:10) onderskei onder andere die volgende vereistes vir die registrasie van 'n spesialiteit: "furnish particulars of the current specific learning programmes in the focus area of Social work that are available to a post-graduate level and indicate which providers offer these learning programmes." Hierdie studie maak deel uit van 'n groter projek om die moontlikheid

van registrasie as spesialiteit te ondersoek en om aan bogenoemde vereistes te voldoen.

In Suid-Afrika vind indiensopleiding in organisasies plaas en stel dit maatskaplike werkers bloot aan forensiese assessering. Sonder deeglike opleiding en leiding van ervare kollegas kan foute op forensiese gebied begaan word. Die maatskaplike werker se verslag en hofverskyning word deur ander professies soos die regsprofessie beoordeel. Uitsprake deur die regsprofessie in die media oor die maatskaplike werker doen afbreuk aan die organisasie, die werker en die professie. In 'n tyd waarin maatskaplike werkers die beroep verlaat, behoort hulle eerder beskerm as blootgestel te word.

Die Suid Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe (2006:11) beoog om in 2009 'n puntestelsel vir voortgesette professionele opleiding te implementeer. Green, Thorpe & Traupmann (2005:152) meld dat dit sinloos is om CPD (continuous professional development)-punte op te bou in enige onderwerp wat interessant klink. Dit is sinvoller om 'n reeks werkwinkels of kursusse in 'n spesialiteitsterrein by te woon. Hulle spreek die hoop uit dat sulke kredietpunte omgesit kan word in 'n nagraadse diploma of soortgelyke erkenning van deskundigheid.

Stutterheim en Weyers (1999:19) kom tot die volgende slotsom: "In order to meet this challenge, research efforts will have to be intensified, the training of social workers as expert witnesses will have to be upgraded and a concerted effort will have to be made to strengthen social work's position as a forensic science. Most important of all, a service delivery system that would cover all four functions of forensic social work will have to be established."

Uit bogenoemde spruit die volgende navorsingsvrae voort:

- Watter voorgraadse en nagraadse programme met betrekking tot die forensiese terrein is in Suid-Afrika beskikbaar?
- Bestaan daar 'n behoefte by tersiêre instellings, aan forensiese opleidingsprograme in Suid-Afrika?
- Aan watter riglyne behoort 'n voorgestelde opleidingsprogram te voldoen.

## 3. DOELSTELLING

Die oorhoofse doelstelling van hierdie navorsing is om vas te stel watter opleidingsgeleenthede, aan tersiêre instellings, binne die forensiese terrein in maatskaplike werk bestaan, asook om riglyne vir sodanige opleidingsprogramme aan die hand te doen, ten einde spesialisasie te bevorder.

### 3.1 DOELWITTE

- Om deur middel van 'n empiriese ondersoek vas te stel watter voorgraadse programme in Suid-Afrika beskikbaar is met betrekking tot die forensiese terrein in maatskaplike werk.
- Om deur middel van 'n empiriese ondersoek vas te stel watter nagraadse programme in Suid-Afrika beskikbaar is, met betrekking tot forensiese maatskaplike werk.
- Om riglyne aan die hand te doen vir voorgestelde opleidingsprogramme in forensiese maatskaplike werk.
- Om aan te dui watter opleiding beskikbaar is aan tersiêre instellings, ten einde forensiese maatskaplike werk as spesialisasie te registreer by die Suid Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe.

## 4. TEORETIESE UITGANGSPUNT

Die huidige opleiding is nie toereikend genoeg om maatskaplike werkers toe te rus om as forensiese deskundige in howe op te tree nie.

## 5. ONDERSOEKMETODE

### 5.1 LITERATUURSTUDIE

Die literatuurstudie het hoofsaaklik gekonsentreer op 'n beskrywing van forensiese maatskaplike werk en die opleidingsmoontlikhede daarvan by universiteite.

Fouche en Delport (2005:123-125) is van mening dat die bestudering van toepaslike literatuur noodsaaklik is vir duidelike formulering van die probleem. Die volgende databasisse is in die Ferdinand Postma Biblioteek van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) geraadpleeg:

- Biblioteek-katalogus

- Repertorium van Suid-Afrikaanse Tydskrifartikels, asook internasionale artikels
- Gesamentlike Katalogus van proefskrifte en verhandelings van Suid-Afrikaanse Universiteite
- Internet is as databasis gebruik.

Aangesien forensiese maatskaplike werk 'n nuwe veld in Suid-Afrika is, is min literatuur oor die onderwerp beskikbaar. Kaliski (2006) verwys in die inleiding van sy boek ook na die gebrek aan literatuur in Suid-Afrika rakende forensiese werk en noem dat dit die hoofmotivering is vir die skryf van die boek. Literatuur van ander lande is nie van toepassing op die situasie in ons land nie.

## 5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

### 5.2.1 DIE NAVORSINGSONTWERP

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike werk (1995:37) omskryf die navorsingsontwerp as 'n plan van 'n navorsingsprojek waarvolgens data ingewin word om 'n hipotese te ondersoek of 'n doel te verwesenlik. Die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsontwerp is in hierdie ondersoek benut (Williams, Unrau & Grinnell, 2005:85-86).

Verkennende navorsing is benut. Volgens Babbie (2004:67) is die doel van die verkennende navorsingsontwerp om die onderwerp te verken en om inligting en feite in te samel. Hierdie navorsingsontwerp word gewoonlik gebruik wanneer die navorser belang stel in 'n nuwe onderwerp of 'n redelik nuwe navorsingsgebied. Uit die navorsing het dit duidelik geblyk dat min literatuur oor forensiese maatskaplike werk bestaan.

### 5.2.2 DEELNEMERS

Al 17 tersiêre opleidingsinstansies in Suid-Afrika wat opleiding in maatskaplike werk aanbied, is genader. Vraelyste is per e-pos aan al die instansies gestuur om deur die hoof van die departement of aangewese personeel voltooi te word.

### 5.2.3 MEETINSTRUMENT

Gedurende die ondersoek is 'n self opgestelde vraelys gebruik om inligting te bekom oor die bestaan, aard, duur en inhoud van opleidingsgeleenthede in forensiese

maatskaplike werk. Die vraelys bestaan uit beide oop en geslote vrae (Monette, Sullivan & De Jong, 2005:158-172). Vraelyste is per e-pos gestuur ten einde 'n goeie respons te verseker. Doktor Simpson het lede ook vanuit haar posisie as sekretaresse van die Association of South African Social Work Education Institutions (ASASWEI) per e-pos aangemoedig om aan die ondersoek deel te neem. Na twee maande is 'n boodskap per elektroniese pos aan die instansies wat in daardie stadium nog nie gereageer het nie, gestuur. Die South African Council for Social Service Professions is genader om 'n berig in die nuusbrief te plaas om respondente aan te moedig om vraelyste in te vul. Daar is met drie geleenthede telefonies kontak gemaak met universiteite. Dit was egter problematies om sekere departemente en persone te bereik. Daar is ook van fakse gebruik gemaak om met universiteite te kommunikeer.

### 5.2.4 ETIESE ASPEKTE

In hierdie studie is deurgaans gepoog om professionele kollegas en persone wat deur die pogings om die navorsingsvraag te beantwoord geraak is, so wyd moontlik te raadpleeg.

Strydom (2005:58-67) onderskei verskeie etiese kwessies:

- Deelnemers moet ingelig word oor die doel van die navorsing. In hierdie ondersoek is telefoniese kontak met die deelnemers gemaak om hulle oor die navorsing in te lig. 'n Dekbrief wat inligting oor die navorsing bevat, het die vraelys vergesel.
- Deelname moet vrywillig wees en skending van privaatheid mag onder geen omstandighede plaasvind nie (Neuman, 2000:283-284). Vertroulikheid is gehandhaaf en identifiserende inligting van die instansies is nie bekendgemaak nie.
- Die finale verslag moet objektief, akkuraat en duidelik wees en moet alle noodsaaklike inligting verstrek. Die ondersoeker het verseker dat die resultate objektief en akkuraat verwerk is, en tekortkominge en foute is aangetoon. Die grootste tekortkoming van die studie is die feit dat nie alle instansies aan die studie deelgeneem het nie.

- Deelnemers moet toegang verkry tot die bevindinge van die verslag. Dit is aan deelnemers gestel dat hulle na afhandeling van die studie toegang sal hê tot die verslag.

Die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) het die navorsing goedgekeur. Die projeknommer is 06K32.

### 5.2.5 DATAVERWERKING

Die self opgestelde vraelys is per hand deur die navorser verwerk. Die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit is geraadpleeg oor die betroubaarheid en geldigheid van die vrae.

### 5.2.6 PROSEDURE

Die opname prosedure is benut in die studie. Baker (1995:373) omskryf die opname prosedure as volg: "A systimatic factgathering prosedure in which a spesific series of questions is asked, through written or oral questionnaires, of a representative sample of the group being studied or the entire population."

- 'n Lys is opgestel van instansies wat opleiding in maatskaplike werk verskaf.
- Die vraelys en dekbrief is in Afrikaans en Engels opgestel.
- Die vraelys is deur die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit nagegaan.
- Vraelyste is vooraf deur verskeie dosente van die Noordwes-Universiteit getoets en enkele regstellings is gemaak.
- Daar is telefoniese kontak gemaak met hoofde van departemente van die deelnemende instansies waartydens hulle samewerking onderneem het.
- Vraelyste is elektronies uitgestuur.
- Weens probleme wat ondervind is omdat nie al die inrigtings die vraelyste ingestuur het nie, is daar opgetree soos in 5.2.3 uitgewys.

## 6. RESULTATE

### 6.1 IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE VAN RESPONDENTE

Van die 17 tersiêre instansies het slegs 11 aan die studie deelgeneem. Dit verteenwoordig 64% van die tersiêre instansies wat maatskaplike werk aanbied.

## 6.2 VOORGRAADSE OPLEIDING

### 6.2.1 VOORGRAADSE FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK

Een respondent (9%) is onseker of 'n behoefte aan voorgraadse opleiding in forensiese maatskaplike werk bestaan, terwyl twee respondente (18%) negatief antwoord. Agt respondente (73%) meld dat daar wel 'n behoefte bestaan.

Diagram 1 dui respondente se mening oor die behoefte aan voorgraadse opleiding in forensiese maatskaplike werk aan.





Diagram 1: Behoefte aan voorgraadse forensiese maatskaplike werk opleiding.

Meningsverskille kom onder respondente voor rakende die behoefte aan forensiese maatskaplike werk op voorgraadse vlak. Die oorgrote meerderheid meen egter dat 'n behoefte aan voorgraadse opleiding wel bestaan. Die navorser is van mening dat opleiding in forensiese maatskaplike werk op voorgraadse vlak nodig is om studente inleidend aan forensiese werk bekend te stel.

### 6.2.2 VOORGRAADSE STATUTÊRE MAATSKAPLIKE WERK

Al 11 tersiêre instansies wat aan die studie deelgeneem het, bied opleiding aan in statutêre maatskaplike werk. Al die respondente (100%) meld dat 'n behoefte bestaan aan opleiding in statutêre maatskaplike werk. Respondente is dit met mekaar eens dat alle maatskaplike werkers hofwerk verrig en dat veral optrede in kinderhowe primêr die taak van die maatskaplike werker is.

### 6.2.3 DEFINISIE VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK

Drie respondente (27%) beantwoord nie die vraag nie. Die ander agt respondente (73%) beskou forensiese maatskaplike werk as dat dit die volgende behels:

- "Specialised field of social work that is characterised by the social worker's primary function of providing expert testimony in courts of law."
- "Forensiese maatskaplike werk het ten doel om feitelike inligting te verkry deur die proses van gestandaardiseerde assesseringsraamwerke waar hipoteses getoets en hertoets word om die primêre kliënt (hof) van inligting te voorsien oor die kliënt."
- "My opinion is that there is a degree of overlap between forensic and statutory social work but forensic social work extends into the role of the expert witness and more in-depth court work."
- "Maatskaplike werk wat met die gereg en kriminele oortredings te make het."
- "Social work that focuses on legal issues and litigation both criminal and civil including issues of child welfare, custody of children, divorce. It aims to teach social workers about the law. It also aims to teach lawyers about welfare issues."
- "Die betrokkenheid van maatskaplike werkers by menslike problematiek/ konflikte waar beredenering van oplossings binne die konteks van die wet en die interpretasie van problematiek in die vorm van spesialis getuienis aan die hof gelewer word."
- "Statutêr verwys na alle hofprosesse waarby maatskaplike werkers betrokke raak, die fasilitering daarvan, die skryf van ekspert verslae, optrede in alle howe as deskundiges, die assessering van families en kinders vir verskeie tipe hofsake en konsultasiewerk tesame met ander professionele persone in die statutêre veld. Die bydrae wat die maatskaplike werker kan lewer in sulke samesprekings as 'expert', is van die uiterste belang."
- "Baker and Branson (2000:1) state that forensic social work focuses on the interface between society's legal and human service systems. It deals with the legal aspects of social work practice. It can be defined as services which relate to the production of evidence for the courts. In the South African context this

definition overlaps with the definition of statutory social work. Some South African authors have argued that the concept of statutory social work should be retained in South Africa because of its wide usage and that forensic social work should be used to refer only to the social worker providing expert testimony in court."

Uit bogenoemde blyk dit dat forensiese maatskaplik werk deur sommige beskou word as 'n spesialiseringsterrein en dat die rol as deskundige die hoofkenmerk is. Die onderskeid tussen statutêre en forensiese werk blyk egter nie duidelik omlyn te wees nie. Opleiding in die forensiese werk behoort by te dra tot duideliker omlyning van die veld. Die navorser onderskryf Baker (1995:140) se definisie, naamlik: "a specialised field of social work practice that is characterised by the social worker's primary function of providing expert testimony in courts of law."

### 6.2.4 DEFINISIE VAN STATUTÊRE MAATSKAPLIKE WERK

Een respondent (9%) beantwoord nie die vraag nie. Die volgende definisies vir statutêre maatskaplike werk is ontvang:

- "Maatskaplikewerk-dienste aan hoofsaaklik die individu en gesin wanneer die persoon in botsing was met die gereg."
- "Statutêr verwys na alle hofprosesse waarby maatskaplike werkers betrokke raak, die fasilitering daarvan, die skryf van 'ekspert'-verslae, optrede in alle howe as 'eksperts', die assessering van families en kinders vir verskeie tipe hofsake en konsultasiewerk tesame met ander professionele persone in die statutêre veld. Die bydrae wat die maatskaplike werker in sulke samesprekings as deskundige kan lewer, is van die uiterste belang."
- "Maatskaplike intervensie wat ingevolge wetgewing plaasvind en gerig is op die verbetering van die kliënt sisteem se funksionering. Hoewel dit heelwat administratiewe prosedures insluit, moet dit as hulpverlening gesien word indien vroeë intervensie nie geslaagd was nie ten einde die kliënt deur middel van statutêre ingryping te beveilig en in 'n beter posisie plaas betreffende lewensgehalte of vooruitsigte as die voorafgaande status waarin hy verkeer het."
- "Beveiliging van kinders en volwassenes wie se sosiale funksionering gestruktureer moet word deur intervensie aan die hand van wette."

- "Specialised field in social work aimed at improving people's social functioning by applying administrative procedures prescribed by a written law or a legislative body."
- "Die beveiliging van kinders en volwassenes wie se sosiale funksionering gestruktureer moet word deur intervensie aan die hand van wette."
- "Sekere wetgewing vereis dat statutêre take in terme van die wet verrig word deur maatskaplike werkers soos byvoorbeeld in die geval van die kinderwet en strafposeswet."
- "In my opinion statutory social work refers to specific legislative obligations that social workers are expected to dispense, e.g. in relation to the Children's Act."
- "Social work that has to do with laws/legislation that impact on the wellbeing/welfare of people at various points in their lives, from birth to death. Particularly legislation that seeks to ensure human rights and access to resources that seek to address the basic needs."
- "Social work services provided in terms of an Act for example the Child Care Act or the Mediation in Certain Divorce Matters Act: investigation of facts, writing the court report, making recommendations to the court, expert testimony in court. In relation to the Child Care Act it would include statutory supervision."

Dit is duidelik dat respondente die statutêre rol van die maatskaplike werker in die wydste terme beskou; dus as alle sake wat met wetgewing verband hou. Die navorser beskou statutêre maatskaplike werk as deel van die generiese taak van elke maatskaplike werker. Dit word egter nie as gespesialiseerd beskou nie, weens die feit dat nie alle maatskaplike werkers aan die kriteria wat die hof aan 'n deskundige getuie stel, voldoen nie.

### 6.2.5 FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK AS DEEL VAN OPLEIDING IN STATUTÊRE MAATSKAPLIKE WERK

Vyf tersiêre instansies (45%) meld dat forensiese maatskaplike werk deel uitmaak van hulle opleiding in statutêre maatskaplike werk. Ses instansies (55%) bied nie forensiese maatskaplike werk as deel van statutêre maatskaplike werk aan nie. Daar bestaan verskillende menings onder respondente oor die onderskeid tussen statutêre

maatskaplike werk en forensiese maatskaplike werk, soos uitgewys in 6.2.3 en 6.2.4. Hierdie oorvleueling belemmer die maak van gevolgtrekkings op grond van die antwoorde van die respondente op hierdie vraag. Die navorser onderskryf egter Baker en Branson (2000:15-17) se opsomming van die forensiese maatskaplike werker se taak, naamlik:

- Getuienis in die hof as deskundige getuie
- Sistematiese evaluering van individue sodat inligting in die hof gebruik kan word
- Ondersoeksake waarin kriminele oortredings na bewering voorgekom het, en die voorlegging van die resultate aan howe.
- Aanbevelings aan howe ten opsigte van oplossings, strawwe en rehabilitasie van skuldig bevinde individue in siviele aksies.
- Fasiliteer opgelegde vonnisse van skuldig bevinde persoon, monitering en verslag ten opsigte van vordering aan howe.
- Mediasie tussen individue en groepe wat by dispute en konflik betrokke is.
- Getuig oor professionele standaarde van maatskaplike werkers om sake rakende wanpraktyke en onetiese optrede van maatskaplike werkers te fasiliteer.
- Bestee tyd daaraan om kollegas op te lei rakende die invloed van die wet en die professie.
- Fasiliteer ontwikkeling en toepassing van lisensiëringswette om die professionele praktyk te reguleer.
- Onderhou verhoudings met hul eie kliënte wat die letter en die gees van die wet omsluit asook die etiese beginsels van hul professie.

### 6.2.6 MODULES WAT AAN VERSKILLENDE ASPEKTE GEWY WORD

Dit blyk dat die opleidingsprogramme ten opsigte van statutêre werk en forensiese werk heelwat van tersiêre instansie tot tersiêre instansie verskil. Verskillende instansies sien sekere opleidingsaspekte as belangriker en bestee gevolglik meer tyd daaraan, terwyl ander aspekte minder aandag geniet. Dit wil egter voorkom of

instansies 'n gedeelte van 'n module aan die meeste aspekte van statutêre en forensiese werk afstaan en dus poog om 'n wye veld te dek.

### 6.2.7 DESKUNDIGE GETUIE

Een tersiêre instansie (9%) bied geen opleiding aan om die student in staat te stel om as deskundige getuie op te tree nie. Twee respondente (18%) maak melding van skynhofsessies terwyl die res praktiese werk as opleiding aanbied. Twee respondente (18%) nooi 'n deskundige in die forensiese veld om 'n lesing aan te bied oor getuienislewering en verslagskrywing. Een respondent (9%) noem dat, aangesien studente nie deskundiges is nie, hulle slegs as waarnemers hof toe kan gaan.

Kaliski (2006:165, 166) meld dat die deskundige getuie in die verlede, in seksuele misdrywe, alleenlik aangewend is om die impak van die misdaad op die slagoffer aan die hof te verduidelik. Die South African Law Commission het aanbeveel dat die deskundige getuie:

1. die hof moet bystaan om die slagoffer se gedrag en keuses te help verstaan.
2. die slagoffer se perspektief moet voorlê.
3. regters opgelei met word ten opsigte van die kompleksiteit van byvoorbeeld verkragting.

Diagram 2 dui die verskille in tipes opleiding aan wat deur verskillende instansies aangebied word waardeur maatskaplike werkers as deskundiges opgelei word.





Diagram 2: Deskundige getuie

Nege respondente (82%) bied opleiding ten opsigte van vakkennis en verslagskrywing aan. Vyf respondente (45%) bied opleiding in assesseringstegnieke aan. Slegs vier respondente (36%) bied optrede in die hof en praktiese inoefening aan. Drie respondente (27%) dek koppeling met bewysreg in hul opleiding. Een respondent (9%) begin opleiding op eksperimentele basis aanbied. Een instansie (9%) bied geen opleiding aan met die oog daarop om studente as deskundige getuies op te lei nie.

Uit die diagram blyk dit dat vakkennis en verslagskrywing heelwat aandag in opleidingsprogramme geniet. Dit blyk verder dat opleiding om as deskundige in die hof op te tree gebrekkig is, veral ten opsigte van praktiese werk. Daar is instansies wat geen opleiding gee nie, tog word van junior werkers in die praktyk verwag om hofwerk te doen. Maatskaplike werkers in die praktyk bevind hulle in moeilike situasies waarin hulle toenemend deur prokureurs in die hof teengestaan word. Die onvoorbereide werker kan ook van onprofessionele gedrag aangekla word. Mediabelangstelling in sake wat kinders betrek, lei ook tot kritiese evaluering van

maatskaplike werkers in die media. Ontoereikende opleiding om as deskundige in die hof op te tree stel die hele professie in 'n swak lig.

Weyers (2001:25) meld dat dit nie moontlik is om voorgraadse studente as deskundiges op te lei nie. Die vierjaaropleiding van maatskaplike werkers is meer generies van aard. Dit beteken egter nie dat opleiding waardeloos is nie. Opleiding moedig studente aan om hulle as deskundiges te kwalifiseer. Opleiding bied die nodige inligting oor terreine waarin groei moet plaasvind alvorens die hof die maatskaplike werker as 'n deskundig beskou.

### 6.2.8 OPLEIDING TEN OPSIGTE VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK OM STUDENTE VIR DIENSLEWERING AAN DIE HOWE TOE TE RUS

Nege respondente (82%) stem saam dat voorgraadse opleiding die student nie voldoende toerus nie. Twee respondente (18%) meld dat studente wel voldoende toegerus is vir die kinderhof. Een respondent stel voor dat 'n kort kursus aangebied moet word vir studente wat verdere opleiding verlang. Een respondent noem dat indiensopleiding belangrik is om studente op dienslewering aan die hof voor te berei. Spath (2003:513) noem die volgende rakende indiensopleiding: "The results of this study also indicate that in-service training for forensic social workers (such as social workers working in a District Attorney's Office) is crucial in these areas as well."

Redes wat respondente aanvoer waarom opleiding in forensiese werk ontoereikend is:

- Sommige studente se praktiese opleiding sluit nie hofwerk in nie.
- Basiese kennis word aangebied en nie gespesialiseerde kennis nie.
- Kursusinhoud is reeds oorvol.
- Forensiese werk word nie aangebied nie.
- Opleiding is generies van aard en daar is geen tyd oor nie weens 'n oorvol kurrikulum
- Bied nie forensiese werk aan nie.
- Personeel is onervare op hierdie gebied. Sal leiding ten opsigte van die opleiding van studente verwelkom, aangesien die opleiding in forensiese werk vir maatskaplike werkers belangrik is.

- Meer opleiding is nodig ten opsigte van bewysreg, waarnemer in die hof en die maatskaplike werker as deskundige getuie.

### 6.2.9 OPLEIDING TEN OPSIGTE VAN STATUTÊRE MAATSKAPLIKE WERK OM STUDENTE TOE TE RUS VIR DIENSLEWERING AAN DIE HOWE

Ses respondente (55%) meld dat voorgraadse statuêre opleiding studente nie voldoende oplei vir dienslewering aan die howe nie. Vyf (45%) respondente noem dat opleiding wel voldoende is. Die meerderheid respondente noem dat huidige opleiding nie toereikend is nie.

Die volgende redes word aangevoer waarom opleiding ontoereikend is:

- Sommige studente se praktiese opleiding sluit nie hofwerk in nie.
- Opleiding is inleidend van aard en bied 'n basiese raamwerk om hofwerk onder supervisie te kan doen.
- Praktiese werk is logisties moeilik bestuurbaar.
- Praktiese blootstelling aan verskillende howe is nie voldoende nie.
- Opleiding is nie voldoende om maatskaplike werkers ten volle vir dienslewering aan howe toe te rus nie.

## 6.3 NAGRAADSE OPLEIDING

### 6.3.1 BEHOEFTE AAN NAGRAADSE OPLEIDING IN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK

Alle respondente (100%) wys daarop dat daar 'n behoefte aan opleiding in forensiese maatskaplike werk bestaan. Vergelyk daarmee die feit dat slegs drie respondente (27%) nagraadse opleiding in forensiese maatskaplike werk aanbied.

Diagram 3 dui die verskil aan tussen die behoefte aan en beskikbaarheid van opleiding in forensiese maatskaplike werk op nagraadse vlak.





Diagram 3: Verskil tussen behoefte en beskikbaarheid van opleiding

Uit die diagram is dit duidelik dat respondente saamstem dat 'n behoefte aan nagraadse opleiding bestaan. Dit blyk egter dat net 'n paar instansies aandag skenk aan genoemde behoefte. Forensiese maatskaplike werk is 'n nuwe terrein in Suid-Afrika en dit wil voorkom of die ontwikkelingsmoontlikhede op hierdie terrein grootliks onbenut is. Indien forensiese maatskaplike werk as 'n spesialiseringsrigting deur die Suid Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe erken word, kan dit lei tot sterker ontwikkeling op die gebied van opleiding.

Weyers (2001:25) noem dat, as gevolg van die gebrek aan voorgraadse opleiding en die vereistes waaraan 'n deskundige moet voldoen, daar 'n behoefte is aan gespesialiseerde opleiding in forensiese maatskaplike werk. Dit is duidelik dat hierdie navorsing bogenoemde stelling bevestig.

### 6.3.2 AARD, INHOUD EN DUUR VAN BESTAANDE OPLEIDING

Slegs een respondent (9%) bied opleiding in forensiese maatskaplike werk aan. Die ander twee respondente (18%) bied interdissiplinêre MA-grade aan, in samewerking met die departement Regte.

Een instansie bied opleiding aan wat bestaan uit 'n MA-graad in Maatskaplike werk – forensies (seksuele misbruik) op NKR-vlak 8. Die opleiding duur twee jaar en sluit navorsing in maatskaplike werk: teorie en praktyk met 'n SAQA-krediet van 96 in.

Gedoseerde seminare met 'n SAQA-krediet van 96 dek die volgende:

- Algemene kinderassessering.
- Seksuele misbruik en fisiese mishandeling.
- Trauma-assessering en die ondersoekproses.
- Verslagskrywing en deskundige in die hof.

Een instansie bied 'n MA-graad in Kindersorg en Beskerming aan wat interdissiplinêr van aard is en in samewerking met die Regsfakulteit aangebied word. Die opleiding geskied op NKR-vlak 8. Student volg twee modules per semester en dien 'n mini-verhandeling in. Vier teoretiese modules word aangebied:

Navorsingsmetodologie.

- Kinderregte en rolle van professionele persone in verrigtinge wat kinders raak.
- Keusemodules sluit in: Kindersorgbeleid en wetgewing asook Kinders as slagoffers en oortreders.

### 6.3.3 AANBEVELINGS VAN RESPONDENTE

- "Forensiese maatskaplike werk behoort slegs inleidend voorgraads aangebied te word en nagraads in diepte as 'n spesialiteitsterrein."
- "Werkgewers en spesialisgroepe wat forensies wil beoefen, behoort self betrokke te raak by opleiding en nie slegs van Universiteite verwag om die opleiding te gee nie."
- "Daar is 'n dringende behoefte in die praktyk vir maatskaplike werkers met gespesialiseerde kennis en vaardighede in forensiese werk. Dit is egter gespesialiseerde kennis wat nie op voorgraadse vlak aangebied word nie. Daar is ook 'n behoefte in die praktyk dat nie enige maatskaplike werker hom sal blootstel aan forensiese werk nie omdat dit so gespesialiseerd is. Tans is daar na my mening 'n groot vraag by ons howe of maatskaplike werkers altyd oor die nodige kennis en vaardighede beskik om as deskundiges op te tree. Om dit

te voorkom dink ek dit is nodig dat maatskaplike werkers oor nagraadse opleiding moet beskik wat hulle as kundiges op die gebied wil uitgee."

- "A conference/workshop on forensic social work to discuss ways and means of introducing forensic social work in various universities in South Africa. Research and journal articles on this topic to popularize the idea. An association/network of colleagues who have academic interest in forensic social work. Keep forensic social work within the social work profession, instead of it becoming a quasi professional category."

- "Studente moet hierin opgelei word. Die maatskaplike werker wat in die forensiese veld wil werk, moet selfgeldend wees, teoreties goed gefundeerd werk in die veld, as om net te weet hoe om in die veld te werk. Beide dus baie belangrik en moet êrens 'n huwelik vorm met mekaar."

## 7. RIGLYNE VIR OPLEIDINGSPROGRAMME

### 7.1 VOORGRAADSE OPLEIDING

Howes (1990:73) beveel aan dat 'n goeie praktykmodel vir dienslewering aan die howe vir die maatskaplikewerk–professie ontwikkel moet word.

Die opleiding in die vierde jaar behoort uit 'n 8-kredietmodule te bestaan en die volgende word as riglyn voorgehou, soos omskryf deur Wessels (2006).

#### 7.1.1 DOEL

Ten einde gespesialiseerde dienste aan howe te lewer moet die maatskaplike werker oor kennis beskik rakende die struktuur van die howe in Suid-Afrika, die funksionering van die strafhowe, die Strafproseswet (51 van 1977) (soos gewysig), bewysreg, strafreg, straftoemeting die jeugdige in die strafhof en die maatskaplike werker as deskundige getuie in die hof (Wessels, 2006).

#### 7.1.2 UITKOMSTE

- Om die maatskaplike werker se plek en funksies binne die regstelsel te verstaan (Weyers, 2001:20-30).

- Om die strafproses te verstaan (Hiemstra, 1977:1-8).

- Om 'n volledige en verantwoordbare verslag aan die hof te kan voorsien deur van die nodige literatuur gebruik te maak om feite te staaf (Van Rooyen, 1982:421-425).
- Om 'n voorvonnisverslag aan die hof te voorsien.

In die opleiding word klem gelê op die strafregproses wat onontbeerlike kennis is vir enige persoon wat hom in die hof begewe. Die klagtes wat deur die regsprofessie in die regstelsel oor maatskaplike werkers geopper word, het direk te make met gebrekkige kennis en selfvertroue. Opleiding op voorgraadse vlak sal die beeld van die professie in die hof bevorder.

## 7.2 NAGRAADSE OPLEIDING

Nagraadse opleiding in die vorm van 'n MA-graad met 'n NKR-vlak 8 en SAQA-krediete van 96 vir navorsing en 96 vir die gedoseerde kursus. Opleiding moet beide gedoseerde lesings, praktiese werk en navorsing insluit. Spesifieke areas van spesialisasie behoort aangedui te word, byvoorbeeld seksuele misbruik. Die volgende riglyn is uit Strydom (2006) en Grobbelaar (2006) saamgestel.

### 7.2.1 NAVORSING

#### 7.2.1.1 DOEL

Om vaardighede in navorsing in maatskaplike werk te ontwikkel.

#### 7.2.1.2 UITKOMSTE:

- Om 'n navorsingsvoorstel krities te beoordeel aan die hand van aanvaarde teorieë, filosofieë en praktyke (Fouche, 2005:11-120).
- Om die kwantitatiewe en kwalitatiewe paradigma in die navorsingsproses ten opsigte van die vooronderSoek en steekproeftrekking te bemeester (Strydom, 2006:5).
- Om navorsingsmetodologie op verskillende vlakke te evalueer, soos die soort benadering, ontwerp, modelle, prosedures, data-insamelingsmetodes en verslagskrywing (Strydom, 2005:3).

### 7.2.2 ALGEMENE KINDERASSESSERING

#### 7.2.2.1 DOEL

Om 'n algemene kinderassessering uit te voer, die inligting wat bekom is te interpreteer en hipoteses te formuleer ten einde intervensiebeplanning te doen waarin die verdere proses uitgestippel word.

#### 7.2.2.2 UITKOMSTE

- Om uitgebreide en sistematiese kennis van die gebruik van die algemene kinderassessering te openbaar.
- Om grondige kennis van die aard en teoretiese onderbou van die algemene kinderassessering te demonstreer deur teorie aan praktyk te koppel.
- Om die gebruik van die algemene kinderassessering moreel en eties verantwoordbaar toe te pas tot voordeel van die kliëntsisteem en maatskaplikewerk-professie.
- Om probleemareas by die kind en sy sisteme te identifiseer en te analiseer en toepaslike intervensies te implementeer.
- Om bevindinge vanuit assessering deur kollaterale inligting en terugvoer krities te verifieer en samehangende verslae te skryf asook aanbevelings en beplanning te kommunikeer (Grobbelaar, 2005).

### 7.2.3 SEKSUELE MISBRUIK EN FISIESE MISHANDELING

#### 7.2.3.1 DOEL

Om deur middel van 'n literatuurstudie kennis in te win oor agtergrondinligting, die dinamiek van misbruik en die impak daarvan op die kind ten einde die kind te verstaan en ingeligte besluite te kan neem rakende die hantering van die saak ter sprake.

#### 7.2.3.2 UITKOMSTE

- Om uitgebreide teoreties gefundeerde kennis rakende die dinamiek van seksuele misbruik van kinders te openbaar.
- Om kennis van en insig in die effek en impak van seksuele misbruik op die kind asook wat die langtermyneffek daarvan kan wees, te laat blyk.
- Om kennis moreel en eties verantwoordbaar toe te pas tot voordeel van die kliënt en die professie in die geheel.

- Om moontlike probleemareas by die kind en sy sisteme te identifiseer en te ontleed en tot toepaslike gevolgtrekkings te kan kom oor hoe om die saak te hanteer en vir die hof voor te berei.
- Om op grond van verworwe kennis sinvolle aspekte van belang in die ondersoek te integreer en toepaslik te gebruik in die geval waar mense uit ander professies betrokke sou wees, byvoorbeeld die medikus en sielkundige (Potgieter, 2005).

### 7.2.4 TRAUMA-ASSESSERING EN DIE ONDERSOEKPROSES

#### 7.2.4.1 DOEL

Om 'n ondersoekproses uit te voer waar die kind na bewering misbruik is, die inligting wat bekom is te interpreteer en hipoteses te formuleer ten einde getuienis en verslag te kan lewer. Om te fokus op onderhoudvoering, praktiese tegnieke en ondersteunende teorieë ten einde die ondersoeker in staat te stel om die dinamiek van misbruik te kan verantwoord.

#### 7.2.4.2 UITKOMSTE

- Om uitgebreide teoreties gefundeerde kennis rakende die dinamiek van seksuele misbruik van kinders te openbaar.
- Om kennis van en insig in die effek en impak van seksuele misbruik op die kind te laat blyk asook wat die langtermyneffek daarvan kan wees.
- Om die kennis moreel en eties verantwoordbaar toe te pas tot voordeel van die kliënt en die professie in die geheel.
- Om moontlike probleemareas by die kind en sy sisteme te identifiseer en te ontleed en tot toepaslike gevolgtrekkings te kan kom oor hoe om die saak te hanteer en vir die hof voor te berei.
- Om op grond van verworwe kennis sinvolle aspekte van belang in die ondersoek te integreer en toepaslik te gebruik in die geval waar mense uit ander professies betrokke sou wees, byvoorbeeld die medikus en sielkundige (Grobbelaar, 2005).

### 7.2.5 VERSLAGSKRYWING EN DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE IN DIE HOF

#### 7.2.5.1 DOEL

Blootstelling aan verslagskrywing en hofwerk wat uit die ondersoekproses voortspruit.

#### 7.2.5.2 UITKOMSTE

- Om 'n volledige ondersoekproses uit te voer en inligting te dokumenteer in 'n verslag ter voorbereiding vir die hof.
- Om as deskundige getuie in 'n hofsaak op te tree (Grobbelaar, 2005).

Nagraadse opleiding in forensiese maatskaplike werk is gespesialiseerd en rus die student toe met vaardighede om as 'n deskundige met die nodige kennis en selfvertroue in die hof op te tree. Daar behoort egter steeds gepoog te word om meer praktiese werk en inoefeningsgeleenthede te skep om die balans tussen teorie en praktyk te bewaar. Opleidingsprogramme wat op egskeidings en die kinderoortreder fokus, behoort ook ontwikkel te word.

## 8. GEVOLGTREKKING

Die volgende doelwitte is met die aanvang van die studie gestel, naamlik om deur middel van 'n empiriese ondersoek en literatuurstudie vas te stel watter voorgraadse en nagraadse opleiding beskikbaar is rakende forensiese maatskaplike werk in Suid-Afrika. Dit was verder die bedoeling om riglyne vir opleidingsprogramme in forensiese maatskaplike werk vir beide voorgraadse en nagraadse kursusse aan die hand te doen.

Uit die voorafgaande studie blyk dit dat hierdie doelwitte bereik is. Navorsing het aangetoon dat 'n behoefte aan nagraadse opleiding in forensiese maatskaplike werk-bestaan. Dit blyk duidelik dat universiteite forensiese maatskaplike werk as spesialiseringsterrein beskou. Die teoretiese uitgangspunt is bevestig, naamlik dat voorgraadse opleiding maatskaplike werkers nie voldoende toerus om as forensiese deskundiges in howe op te tree nie.

Dit blyk dat die onderskeid tussen statutêre maatskaplike werk en forensiese nog nie duidelik om lyn is nie. Gespesialiseerde opleiding op nagraadse vlak sal lei tot die uitbreiding van kennis, vaardighede en navorsing op hierdie gebied. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat sodanige programme kan bydra tot die ontwikkeling van forensiese maatskaplike werk as spesialiseringsterrein in maatskaplike werk.

## 9. AANBEVELINGS

- Tersiêre instellings behoort aandag te skenk aan die uitbreiding van opleidingsgeleenthede vir spesialisasie in forensiese maatskaplike werk.
- Bogenoemde riglyne kan benut word vir die ontwikkeling en samestelling van forensiese opleiding op beide voorgraadse en nagraadse vlak.
- Die ontwikkeling van spesialisasie behoort nagestreef te word asook registrasie van forensiese maatskaplike werk by die Suid Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe.
- Daar word ook aanbeveel dat verdere kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing oor die definisie en die omlyning van forensiese maatskalike werk terrein onderneem word.
- Navorsing moet onderneem word oor opleidingskursusse wat aangebied word deur praktiserende forensiese maatskaplike werkers, sodoende kan die bestaande navorsing wat van tersiêre instansies ingewin is gekombineer word met kennis en behoeftes van die praktyk.

## 10. SAMEVATTING

Die studie is onderneem om te bepaal watter opleidingsgeleenthede op voorgraadse en nagraadse vlak bestaan met betrekking tot forensiese maatskaplike werk in Suid-Afrika. Deur middel van 'n empiriese ondersoek is 'n behoefte aan nagraadse opleiding in forensiese maatskaplike werk uitgewys. Die teoretiese uitgangspunt dat voorgraadse opleiding maatskaplike werkers nie voldoende toerus om as deskundiges in howe op te tree nie, is bevestig.

Alhoewel die reaksie op vraelyste teleurstellend was en die bevindinge nie noodwendig ten opsigte van alle tersiêre instellings veralgemeen kan word nie, kan die belangrikheid van hierdie bevindings nie geïgnoreer word nie.

Verder het die bevindinge van die studie aangetoon dat programme vir opleiding in nagraadse forensiese maatskaplike werk in verskillende vorme aangebied word.

Hierdie studie dra by tot die groter projek wat ondersoek instel na die moontlikheid om forensiese maatskaplike werk as spesialiteit by die Suid Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geregistreer te kry.

Feitlik geen Suid-Afrikaanse navorsing met betrekking tot forensiese maatskaplike werk is onderneem nie. Hierdie studie beoog om verdere navorsing op die gebied te stimuleer.

Riglyne vir opleidingsprogramme is aan die hand gedoen ten einde die ontwikkeling van opleiding aan te moedig

**BIBLIOGRAFIE**


BABBIE, E. 2004. The practice of social research. London: Thomson & Wadworth.

BAKER, R.L. 1995. The social work dictionary. Washington: NASW Press.

BAKER, R.L. & BRANSON, D. M. 2000. Forensic social work: legal aspects of professional practice. New York: The Haworth Press.

BLACK, H.C. 1979. Black's law dictionary. St. Paul: West Publishing Co.

ECKARD, M.M. 1982. Welsynsreg. Johannesburg: Lex Patria.

FOUCHÉ, C.B. 2005. Writing the research proposal. In: De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (ed). Research at grass roots: for the social sciences professions. Pretoria: Van Schaik Uitgewers: 111-120.

FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. In-depth review of literature. In: De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (ed). Research at grass roots: for the social sciences professions. Pretoria: Van Schaik Uitgewers:123-131.

GOTHARD, S. 1989. Power in the court: The social worker as an expert witness. *Social work (NASW)*, 28(5):393-394.

GREEN, G., THORPE, J. & TRAUPMANN, M. 2005. The sprawling thicket: knowledge and specialisation in forensic social work. *Australian Social Work*, 58(2): 142-152.

GROBBELAAR, A. 2006. Seksuele misbruik en fisiese mishandeling. (MWKF 877A). Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Studiegids.)

GROBBELAAR, A. 2006. Trauma-assessering en die ondersoekproses. (MWKF 878A). Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Studiegids.)

GROBBELAAR, A. 2006. Verslagskrywing en Maatskaplike werker as deskundige in die hof. (MWKF 879A). Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Studiegids.)

HIEMSTRA, V.G. 1977. Inleiding tot die Strafprosesreg. Durban: Butterworth.

HOFFMANN, W. 1986. Towards designing a curriculum for social work education for practice in legal setting. *Welsynsfokus / Welfare focus,* 21(1):6-12.

HOFFMANN, L.H. & ZEFFERTT, D. 1988. The South African law of evidence. Durban: Butterworths.

HOWES, M.F. 1990. Die maatskaplike werker as deskundige getuie in die hof. *Maatskaplike Werk / Social Work,* 26(1):67-73.

KALISKI, S. 2006. Psychological assessment in South Africa. Oxford: Oxford University Press Southern Africa.

LOMBARD, A. 2000. The professional status of social work. *Maatskaplike Werk / Social Work,* 36(4):311-331.

MONETTE, D.R., SULLIVAN, T.J. & DE JONG, C.R. 2005. Applied social research: a tool for the human services. London: Thomson Brooks/Cole Publishers.

NEUMAN, W.L. 2000. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. London: Allyn & Bacon.

NUWE WOORDEBOEK VIR MAATSKAPLIKE WERK: 1995. Kaapstad: CTP Book Printers.

POTGIETER, R., aangepas deur GROBBELAAR, A. 2006. Algemene kinderassessering. (MWKF 876A). Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Studiegids.)

SCHMIDT, C.W.H. 1989. Bewysreg. Durban: Butterworths.

SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR SOCIAL SERVICE PROFESSIONS. 2006. 25(1):10, April. (Newsletter).

SPATH, P. 2003. Child protection professionals identifying domestic violence indicators: implications for social work education. *Journal of Social Work Education,* 39(3):497-518.

STERN, P. 1997. Preparing and presenting expert testimony in child abuse litigation. London: Sage.

STRYDOM, H. 2005. Ethical aspects of research in social sciences and human service professions. In: De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (ed). Research at grass roots: for the social sciences professions. Pretoria: Van Schaik Uitgewers:56-69.

STRYDOM, H. 2006. Riglyne vir maatskaplikewerk-navorsing: teorie en praktyk. (MWKM 885 A). Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Studiegids.)

STUTTERHEIM, E. & WEYERS, M.L. 1999. Forensic social work: with special reference to the forensic social work services of the SAPS. *Maatskaplike Werk / Social Work*, 36(1):11-21.

VAN ROOYEN, J.H. 1982. Inleiding tot die regstelsel. In: BOSMAN, F. & WESSELS, C.C. 2006. Forensiese maatskaplike werk / Statutêre maatskaplike werk. (MWKG 411A). Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Studiegids.)

WEYERS, M.L. 2001. Demarcating the field of forensic social work in South Africa: a basic document. Pretoria: South African Council for Social Service Professions.

WILLIAMS, M., UNRAU, Y.A. & GRINNELL, R.M. 2005. The qualitative research approach. In: Grinnell, R.M. & Unrau, Y.A. (ed). Social work research and evaluation: quantitative and qualitative approaches. Oxford: University Press:76-87.

**BYLAE**

**BYLAAG 1: DEKBRIEF**
**FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK: VRAELYS**

GEAGTE KOLLEGA

Ek is tans 'n ingeskrewe MA-student aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Ek is een van 'n groep studente wat ondersoek instel na die moontlikheid om forensiese maatskaplike werk as 'n spesialiteit by die South African Council of Social Service Professions geregistreer te kry.

Een van die vereistes vir die registrasie van 'n spesialiteit is dat aangedui moet word watter geleenthede vir nagraadse studie in Suid-Afrika op hierdie gebied bestaan. Hierdie vraelys, as deel van die groter navorsingsprojek, beoog om in te gaan op watter voorgraadse en nagraadse opleiding in forensiese maatskaplike werk beskikbaar is.

Alle universiteite wat opleiding in maatskaplike werk aanbied, word genader om die aangehegte vraelys in te vul. Die deelname is vrywillig en die inligting sal vertroulik hanteer word. Die navorsingsverslag sal na afloop van die studie beskikbaar gestel word.

U deelname is van die uiterste belang en sal hoog op prys gestel word.

Hierdie vraelys word in beide Afrikaans en Engels gestuur. Vul dit in die taal van u keuse in en stuur dit asseblief terug voor 28 Maart 2007.

Vir meer inligting kan u my skakel by 013 2623024 x230 of 0722749092.

Vriendelike groete

CORRIE LUDWIG
MAATSKAPLIKE WERKER

Dr CORINNE STRYDOM
STUDIELEIER

DR CORNELIA WESSELS

GROEPLEIER: FORENSIESE PRAKTYK

**FORENSIC SOCIAL WORK: QUESTIONNAIRE**

DEAR COLLEAGUE

As part of a master's degree at the North-West University (Potchefstroom Campus) research is undertaken to look into the possibility of registering a specialty in forensic social work with the South African Council for Social Service Professions.

One of the prerequisites for registering a specialty is to indicate the opportunities for post-graduate training in the field.

This research aims at examining under-graduate and post-graduate training in forensic social work. The researcher wishes to make recommendations regarding under- and post-graduate training.

All universities that offer social work training will be requested to complete the attached questionnaire and return it to the sender. Participation is voluntary. Information will be treated confidentially, and your institution will not be identified. The research report will be available after completion of the study.

Your cooperation will be highly appreciated.

This questionnaire is sent in both Afrikaans and English. Please complete it in the language of your choice and return it before 28 February 2007.

For more information you are welcome to phone me at 013 2623024 x230 or 0722749092

Yours sincerely,

CORRIE LUDWIG
SOCIAL WORKER

Dr CORINNE STRYDOM
STUDIELEIER
DR CORNELIA WESSELS

GROEPLEIER: FORENSIESE PRAKTYK

## BYLAAG 2: VRAELYS

## AFDELING A: IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

1. Volle voorname en van..........................................................................

2. Naam van Universiteit..........................................................................

## AFDELING B: VOORGRAADSE OPLEIDING

**(SKRAP WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE)**

1. Bied u universiteit 'n kursus in forensiese maatskaplike werk aan?

**JA / NEE**

2. Bied u universiteit 'n kursus in statutêre maatskaplike werk aan?

**JA / NEE**

3. Is daar na u mening 'n behoefte aan voorgraadse opleiding vir maatskaplike werkers in statutêre maatskaplike werk?

**JA /NEE**

Motiveer u antwoord.

..........................................................................................
..........................................................................................
..........................................................................................

4. Is daar na u mening 'n behoefte aan voorgraadse opleiding vir maatskaplike werkers in forensiese maatskaplike werk?

**JA /NEE**

Motiveer u antwoord.

..........................................................................................
..........................................................................................
..........................................................................................
..........................................................................................

5. Omskryf kortliks wat u as statutêre maatskaplike werk beskou.

..........................................................................................
..........................................................................................
..........................................................................................
..........................................................................................
.....................................

6. Omskryf kortliks wat u as forensiese maatskaplike werk beskou.

..........................................................................................
..........................................................................................

..........................................................................................................
..........................................................................................................

7. Maak opleiding in forensiese maatskaplike werk deel uit van 'n kursus in statutêre maatskaplike werk aan u instansie?

**JA / NEE**

8. Hoeveel tyd of modules word aan die volgende aspekte gewy?

8.1 BEWYSREG
- ☐ Module bestaande uit 16 krediete
- ☐ Module bestaande uit 8 krediete
- ☐ Gedeelte van 'n module
- ☐ Geen
- ☐ Nie van toepassing nie

8.2 STRAFREG
- ☐ Module bestaande uit 16 krediete
- ☐ Module bestaande uit 8 krediete
- ☐ Gedeelte van 'n module
- ☐ Geen
- ☐ Nie van toepassing nie

8.3 FAMILIEREG
- ☐ Module bestaande uit 16 krediete
- ☐ Module bestaande uit 8 krediete
- ☐ Gedeelte van 'n module
- ☐ Geen
- ☐ Nie van toepassing nie

8.4 WELSYNSREG
- ☐ Module bestaande uit 16 krediete
- ☐ Module bestaande uit 8 krediete
- ☐ Gedeelte van 'n module
- ☐ Geen
- ☐ Nie van toepassing nie

8.5 TOESIG-EN-BEHEER-DISPUTE
- ☐ Module bestaande uit 16 krediete
- ☐ Module bestaande uit 8 krediete
- ☐ Gedeelte van 'n module
- ☐ Geen
- ☐ Nie van toepassing nie

8.6 VAARDIGHEIDSONTWIKKELING IN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK
- ☐ Module bestaande uit 16 krediete
- ☐ Module bestaande uit 8 krediete
- ☐ Gedeelte van 'n module
- ☐ Geen

☐ Nie van toepassing nie

8.7 BLOOTSTELLING AAN DIE HOF DEUR MIDDEL VAN WAARNEMING
- ☐ Module bestaande uit 16 krediete
- ☐ Module bestaande uit 8 krediete
- ☐ Gedeelte van 'n module
- ☐ Geen
- ☐ Nie van toepassing nie

8.8 MAATSKAPLIKE WERKER AS DESKUNDIGE GETUIE
- ☐ Module bestaande uit 16 krediete
- ☐ Module bestaande uit 8 krediete
- ☐ Gedeelte van 'n module
- ☐ Geen
- ☐ Nie van toepassing nie

8.9 VERSLAGSKRYWING
- ☐ Module bestaande uit 16 krediete
- ☐ Module bestaande uit 8 krediete
- ☐ Gedeelte van 'n module
- ☐ Geen
- ☐ Nie van toepassing nie

8.10 ALGEMENE KINDERASSESSERING
- ☐ Module bestaande uit 16 krediete
- ☐ Module bestaande uit 8 krediete
- ☐ Gedeelte van 'n module
- ☐ Geen
- ☐ Nie van toepassing nie

8.11 SEKSUELE MISBRUIK EN FISIESE MISHANDELING
- ☐ Module bestaande uit 16 krediete
- ☐ Module bestaande uit 8 krediete
- ☐ Gedeelte van 'n module
- ☐ Geen
- ☐ Nie van toepassing nie

8.12 TRAUMA-ASSESSERING
- ☐ Module bestaande uit 16 krediete
- ☐ Module bestaande uit 8 krediete
- ☐ Gedeelte van 'n module
- ☐ Geen
- ☐ Nie van toepassing nie

8.13 ONDERSOEKPROSESSE
- ☐ Module bestaande uit 16 krediete
- ☐ Module bestaande uit 8 krediete
- ☐ Gedeelte van 'n module
- ☐ Geen
- ☐ Nie van toepassing nie

9. Watter blootstelling ten opsigte van kennis en vaardighede bied u aan studente om as deskundige getuies in die hof te kan getuig.

**OMSKRYF VOLLEDIG**

.............................................................................................

.............................................................................................

10. Watter blootstelling bied u instansie aan die student ten opsigte van kennis en vaardigheid om as deskundige 'n ondersoek vir hofdoeleindes te doen.

- ☐ Vakkennis
- ☐ Praktiese inoefening
- ☐ Verslagskrywing
- ☐ Getuienisaanbieding
- ☐ Koppeling met kriteria vir Bewysreg
- ☐ Assesseringstegnieke
- ☐ Nie van toepassing nie

11. Is u van mening dat die opleiding aan u instelling u studente ten opsigte van forensiese maatskaplike werk voldoende op voorgraadse vlak toerus vir dienslewering aan die howe?

**JA / NEE**

Motiveer asseblief u antwoord

.............................................................................................

.............................................................................................

12. Is u van mening dat die opleiding aan u instelling u studente ten opsigte van statutêre maatskaplike werk voldoende op voorgraadse vlak toerus vir dienslewering aan die howe?

**JA /NEE**

Motiveer asseblief u antwoord

.............................................................................................

.............................................................................................

## AFDELING C: NAGRAADSE OPLEIDING

1. Bestaan daar na u mening 'n behoefte aan nagraadse opleiding in forensiese maatskaplike werk?

**JA / NEE**

2. Bied u universiteit nagraadse opleiding in forensiese maatskaplike werk aan?

**JA / NEE**

Indien wel, omskryf die inhoud en duur van die opleiding.
........................................................................................................
........................................................................................................
........................................................................................................
........................................................................................................
........................................................................................................

3. Op watter NKR-vlak is die kursus?
........................................................................................................
........................................................................................................

4. Beplan u universiteit enige nagraadse opleiding in forensiese maatskaplike werk in die nabye toekoms.

**JA / NEE**

INDIEN JA, OP WATTER VLAK BEOOG U OM DIT AAN TE BIED

☐ MA

☐ PhD

ENIGE AANBEVELINGS WAT U AAN DIE HAND SOU WOU DOEN TEN OPSIGTE VAN OPLEIDING IN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK
..................................................................................................................
..................................................................................................................
..................................................................................................................
..................................................................................................................

**BAIE DANKIE VIR U DEELNAME EN U TYD. STUUR ASSEBLIEF AAN jjludwig@lantic.net of Posbus 997 Groblersdal 0470.**

VRIENDELIKE GROETE
CORRIE LUDWIG

**SECTION A: IDENTIFYING PARTICULARS**

1. Full names and surname..........................................................................

2. Name of University...................................................................................

**SECTION B: UNDER-GRADUATE TRAINING**
**(DELETE WHATEVER IS NOT APPLICABLE)**

1. Does your institution offer a course in forensic social work?

**YES /NO**

2. Does your institution offer a course in statutory work?

**YES / NO**

3. In your opinion, is there a need for under-graduate training in statutory social work?

Please motivate your answer.

.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................

4. In your opinion, is there a need for under-graduate training in forensic social work?

**YES / NO**

Please motivate your answer.

.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................

5. Give your definition of statutory social work.

.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................

6. Give your definition of forensic social work.

.......................................................................................................
.......................................................................................................

7. Does training in forensic social work form part of a course in statutory social work at your institution?

**YES / NO**

8. How much time or modules do you devote to the following?

8.1 CRIMINAL LAW

- ☐ Module of 16 credits
- ☐ Module of 8 credits
- ☐ Part of a module
- ☐ None
- ☐ Not applicable

8.2 LAW OF EVIDENCE

- ☐ Module of 16 credits
- ☐ Module of 8 credits
- ☐ Part of a module
- ☐ None
- ☐ Not applicable

8.3 FAMILY LAW

- ☐ Module of 16 credits
- ☐ Module of 8 credits
- ☐ Part of a module
- ☐ None
- ☐ Not applicable

8.4 WELFARE LAW

- ☐ Module of 16 credits
- ☐ Module of 8 credits
- ☐ Part of a module
- ☐ None
- ☐ Not applicable

8.5 DIVORCE LAW

- ☐ Module of 16 credits
- ☐ Module of 8 credits
- ☐ Part of a module
- ☐ None
- ☐ Not applicable

8.6 SKILLS DEVELOPMENT IN FORENSIC SOCIAL WORK

- ☐ Module of 16 credits
- ☐ Module of 8 credits
- ☐ Part of a module
- ☐ None
- ☐ Not applicable

8.7 EXPOSURE TO THE COURT AS OBSERVER

- ☐ Module of 16 credits
- ☐ Module of 8 credits
- ☐ Part of a module
- ☐ None
- ☐ Not applicable

8.8 SOCIAL WORKER AS EXPERT WITNESS

- ☐ Module of 16 credits
- ☐ Module of 8 credits
- ☐ Part of a module
- ☐ None
- ☐ Not applicable

8.9 REPORT WRITING

- ☐ Module of 16 credits
- ☐ Module of 8 credits
- ☐ Part of a module
- ☐ None
- ☐ Not applicable

8.10 GENERAL CHILD ASSESSMENT
- ☐ Module of 16 credits
- ☐ Module of 8 credits
- ☐ Part of a module
- ☐ None
- ☐ Not applicable

8.11 SEXUAL ABUSE AND PHYSICAL ABUSE
- ☐ Module of 16 credits
- ☐ Module of 8 credits
- ☐ Part of a module
- ☐ None
- ☐ Not applicable

8.12 TRAUMA ASSESSMENT
- ☐ Module of 16 credits
- ☐ Module of 8 credits
- ☐ Part of a module
- ☐ None
- ☐ Not applicable

8.13 INVESTIGATION PROCESS
- ☐ Module of 16 credits
- ☐ Module of 8 credits
- ☐ Part of a module
- ☐ None
- ☐ Not applicable

9. Describe the exposure in terms of knowledge and skills you offer students so as to enable them to testify in court as expert witnesses.

.............................................................................................

.............................................................................................

.............................................................................................

.............................................................................................

10. Indicate the exposure students are offered in terms of knowledge and skills in order to do an investigation for court purposes as expert witnesses.
- ☐ Subject knowledge
- ☐ Practical exercises
- ☐ Report writing
- ☐ Testimony in court
- ☐ Connection to criteria with Law of evidence
- ☐ Assessment techniques
- ☐ Not applicable

11. In your opinion, does your institution offer sufficient training in the forensic field to equip social workers for services to the courts?

**YES / NO**

**PLEASE MOTIVATE YOUR ANSWER**

..........................................................................................
..........................................................................................
..........................................................................................
..........................................................................................

12. In your opinion, does your institution offer sufficient training in statutory social work to equip social workers for services to the courts?

**YES / NO**

**PLEASE MOTIVATE YOUR ANSWER**

..........................................................................................
..........................................................................................
..........................................................................................
..........................................................................................

## SECTION C: POST-GRADUATE TRAINING

1. In your opinion, is there a need for forensic training in Social work at post-graduate level?

**YES / NO**

2. Does your institution offer post-graduate training in forensic social work?

**YES / NO**

If so, describe the content and length of training provided.

..........................................................................................
..........................................................................................
..........................................................................................
..........................................................................................
..........................................................................................

3. At which NQF level is the course?

..........................................................................................
..........................................................................................

4. Do you plan any post-graduate training in forensic social work in the near future?

**YES /NO**

IF SO, SPECIFY

☐ MA

☐ PhD

SPECIFY CONTENT AND LENGTH OF TRAINING IF APPLICABLE

..........................................................................................

..........................................................................................

ANY RECOMMENDATIONS YOU MIGHT WISH TO MAKE ON FORENSIC TRAINING IN SOCIAL WORK

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

**THANK YOU FOR YOUR PARTICIPATION AND TIME.**
**Please send to** jjludwig@lantic.net or Box 997 Groblersdal 0470.

Yours truly

CORRIE LUDWIG
SOCIAL WORKER